

CHIPS

VOL 36 NO 1 • JANUARY / FEBRUARY 2022

A close-up photograph of several green potato leaves with prominent veins, set against a blurred background of more foliage.

OOS-VRYSTAATSE STANDPROEF
ONDER AANVULLENDE
BESPROEIING IN REITZ

THE POTATO LEAF MINER:
ORIGIN OF THE FIRST FLY
INFESTATIONS OF THE SEASON

Tegnologiese ontwikkeling: | Effect of fungicide application | Engagement with New Era
Gebruik van QR-kodes | on potato cultivars at Cedara | farmers in Limpopo

Tom Burke-proewe besigtig

Deur Chantel du Raan, Aartappels Suid-Afrika

n 'n bedryf wat geografies so wyd verspreid is en waarin die behoeftes aan inligting vir 'n spesifieke area so groot is soos in die aartappelbedryf, is dit belangrik om proewe uit te voer wat streekspesifieke behoeftes aanspreek.

Op 12 November 2021 is terugvoer gegee oor die jaarlikse Tom Burke-kultivarevaluasieproef. Die terugvoer het in 'n uitstaatformaat in die Tom Burke Boerevereniging se saal plaasgevind. Die proef was statisties uitgevoer by Ratho Boerdery en het bestaan uit 13 kultivars, wat

'n groot hoeveelheid nuwe kultivars ingesluit het.

Proefbesonderhede

Die proef is op 17 Junie 2021 geplant en op 4 November 2021 geoest. Die resultate is aangebied en voorbeeld van knolle en skyfies van elke kultivar, is tydens die inligtingsdag uitgestal. Die gemiddelde opbrengs was 50.4 t/ha, waarvan die kultivar met die hoogste opbrengs 61.4 t/ha behaal het. 'n Laer opbrengs as gewoonlik is aangeteken, hoofsaklik as gevolg van die feit dat die LEPA (*Low Energy Precision Application*)-stelsel se besproeiing nie so doeltreffend en eenvormig op die land was nie.

Resultate

Van die nuwe kultivars wat in die proef ingesluit was, het vir 'n paar verrassings gesorg wat opbrengs en skyfie gehalte betref. Hoewel daar nie groot verskille in die kultivars se opbrengs was nie, was daar definitiewe verskille in grootteverspreiding en gehalte.

Interessante resultate rakende die spasiëringsproewe wat die afgelope jaar by twee boere in Tom Burke uitgevoer was, was ook beskikbaar. Die behandelings het drie moertellings (telling van 140, 250 en 400) asook vyf spasiërings (25.5 cm, 30.5 cm, 34 cm, 39.5 cm en 44 cm) ingesluit. C

Hou gerus komende uitgawes van CHIPS dop vir die finale verslae van hierdie proewe.
Vir meer inligting, kontak Chantel du Raan by epos chantelr@potatoes.co.za.

DORMAS

GRIMME



DORMAS

YouTube

Dormas Implements,
Dormas Vegetable Handling

Ontwerp deur Plass Media AW0121